

Vrydag 15 September

Skrifgedeelte: Eksodus 12:3-13

Fokusgedeelte: Eksodus 12:13

Nagmaal: Ongelooflik? Of: Gelooflik!

Die woordjie “ongelooflik” het ’n gewilde stopwoord in Afrikaans geword, maar ’n Christen behoort versigtig met die woord om te gaan. Die woord beteken onder andere dat iets nie geglo kan word nie, maar as dit by God se beloftes en sy almag kom, dan is dit alles gelooflik!

Die wêreld om ons is egter dikwels só wreed en ongenaakbaar dat ons vaskyk in die seer en vrees en dan kan jy in kleingeloof aan God se beloftes begin twyfel. Juis daarom koppel God sy almag en sy beloftes aan sigbare tekens, want sien is mos glo!

Interessant dat vers 13 sê dat die bloed aan die kosyne ’n teken vir die mense sal wees. ’n Mens sou verwag dat daar moet staan: dit is ’n teken vir God – om aan te dui dat daar Jode in die huis bly. Maar nee, dit is ’n teken vir die mense. Die Here kom hulle kleingeloof te hulp – in die verskrikking van die doodsrag sal die bloed aan die deurkosyne getuig dat God hulle sal beskerm. Die bloed getuig van God se beloftes en van sy troue liefde.

Dit is waarheen die Heilige Gees jou wil lei as jy Nagmaal gebruik. Die brood en die beker – die tekens – is herinneringe aan God se almag en sy beloftes, sodat jy in jou hart kan juig: Ek glo! Christus is die ware Paaslam wat vir ons sondes geslag is.

Al is die lewe om jou nag-donker en dreig die onheil op die horison, kan jy in die sigbare tekens vir God raaksien en uitroep: Nogtans, ek glo!

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)